

31 Mei

Skrifgedeelte: Rut 1 en 2
Fokusgedeelte: Rut 1:16-17 en 2:12

Geloof uitgespreek ... Geloof uitgeleef

Baie dinge gebeur elke dag in ons lewe. Dinge wat ons as alledaags beskou en as vanselfsprekend aanvaar: Eet, werk, trou, kinders hê, ensovoorts. Selfs die mees alledaagse dinge val nie buite God se beskikking nie. Wanneer ons die boek Rut lees, word ons gelei om met die geloofsoog die hand van God in alles raak te sien. Nêrens in die boek lees ons van die direkte ingrype van God nie. Al is die optredes en keuses die spesifieke handeling en verantwoordelikheid van mense, kan die genadige beskikking van God en sy leiding nie misgekyk word nie. God se genadige ingrype is so duidelik wanneer Rut die belydenis uitspreek dat God sy kinders vas hou. Ten spyte van die oënskynlike aanvaarbare besluit om na haar eie familie en hulle gode terug te keer (1:14), is Rut se verbondenheid aan die enige ware God die rede waarom sy met haar skoonma saamgaan – saamgaan wat swaarkry kon inhou. Maar sy gaan en sy is bereid om vir haar skoonma te sorg. Oestyd sou dit moontlik maak dat daar 'n tydelike uitkoms is vir hulle daaglikse versorging. Rut is bereid om te gaan are optel sodat sy en haar skoonma aan die lewe kan bly. Hoewel dit 'n weduwee se reg was om agter die oesters are op te tel (Levitikus 19:9), meld sy haar nogtans by die toesighouer oor die oesters aan en verkry toestemming om daar te mag wees. God beskik dat sy op dié deel van die land wat aan Boas, 'n familielid van Naomi, behoort het, uitkom. Op Boas se navraag oor wie die vrou is, kon die toesighouer antwoord dat dit die Moabitiese skoondogter van Naomi, 'n familielid van hom, was. Boas se ontferming spreek van die genadige wyse waarop die Here sorg vir diegene wat tot Hom vlug en Hom dien.

Sing: Psalm 2:1,6

Ds MP Fourie (Keetmanshoop/Karasburg)